kondig het wat tot September geduur het, en hierdie verwikkeling, sowel as verwikkelinge in die Kongo en ander Afrika-state later in die jaar, het die verloop van die Unie se ekonomiese bedrywigheid in 1960 beïnvloed, soos in die volgende bespreking aangetoon sal word. Bowendien moes die Unie 'n kredietknelling en hoë geldkoerse in die Verenigde Koninkryk in die gesig staar nadat die Bank van Engeland se koers, wat tot 5 persent in Januarie 1960 verhoog is, verder tot 6 persent in Junie opgeskuif is. Hierdie toestand het later in die jaar verbeter nadat die plaaslike bankkoers tot $4\frac{1}{2}$ persent in Augustus verhoog is, en die koers van die Bank van Engeland na $5\frac{1}{2}$ en toe na 5 persent in Oktober en Desember, onderskeidelik, verlaag is.

A. ALGEMENE TENDENSE PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING

(a) Landbou:

Volgens skattings wat deur die Afdeling Ekonomie en Marke gemaak is en wat op jare eindigende Junie betrekking het, het die brutowaarde van die Unie se landbouproduksie tot R779 miljoen in 1959/60 toegeneem, vergeleke met R724 miljoen in 1958/59. Die toename van R55 miljoen in 1959/60 was hoofsaaklik die gevolg van toenames van ongeveer R20 miljoen in die wolopbrengs en R11 miljoen in die produksie van mielies.

Op 'n kalenderjaarbasis beskou, word 'n effens ander verloop aan die lig gebring. Die waarde van die wolopbrengs was naamlik kleiner in die eerste en tweede helftes van 1960 as in die ooreenstemmende helftes van 1959, wat 'n aansienlike afname vir die jaar 1960 as geheel aandui. Hoofsaaklik as gevolg hiervan, skat die Afdeling dat die brutowaarde van landbouproduksie slegs met 'n relatiewe klein bedrag vanaf 1959 tot 1960 toegenem het.

(b) Mynwese:


Die totale waarde van minerale produksie in die Unie, met uitsondering van steengroefprodukte, het tot die nuwe rekordpeil van R829 miljoen in 1960 gestyg, vergeleke met R765 miljoen in 1959 en R705 miljoen in 1958.

Van die verdere toename van R64 miljoen in 1960, was die goudopbrengs vir R36 miljoen verantwoordelik deurdat dit vanaf R500 miljoen (20.1 miljoen fyn onse) in 1959 tot R536 miljoen (21.4 miljoen fyn onse) in 1960 gestyg het. Steenkoolverkope het met ongeveer R6 miljoen en koper en diamante met ongeveer R3 miljoen elk gestyg, terwyl alle ander onedele en edele minerale gesamentlik 'n toename van ongeveer R17 miljoen getoon het.


Soos uit die onderstaande grafiek blyk, het werkverskaffing in die mynwese geneig om gedurende die

eerste helfte van 1960 effens te daal, maar het weer gedurende die tweede helfte van die jaar toegeneem. Die gemiddelde maandelikse indeks het vanaf 120 in 1959 tot 121 in 1960 gestyg.¹

PRODUKSIE



WERKVERSKAFFING



Indeks (1953 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

(c) *Fabriekswese:*

Nadat dit 'n opwaartse tendens gedurende die tweede helfte van 1959 getoon het, het werkverskaffing in die private fabriekswese betreklik konstant gedurende 1960 gebly en die gemiddelde maandelikse indeks het effens vanaf 119 in 1959 tot 120 in 1960 gestyg. Geoordeel volgens die beskikbare volksinkomesyfers wat hieronder bespreek sal word, was die waarde van fabrieksproduksie in 1960 hoër as in 1959.

(d) *Elektrisiteit:*


Die gemiddelde maandelikse indeks van elektriese stroom opgewek, het verder tot 173 in 1960 gestyg, vergeleke met 162 in 1959, terwyl die tendens in die maandelikse indeks dwarsdeur 1960 opwaarts was.

(e) *Boubedryf en konstruksie:*


Terwyl die gemiddelde maandelikse indeks van bouplanne goedgekeur in die agtien vernaamste stede in die Unie effens verder vanaf 120 in 1959 tot 121 in 1960 toegeneem het, wil dit volgens die onderstaande grafiek voorkom asof daar ná 'n opwaartse tendens in die maandelikse indeks gedurende 1959, min verandering in die neiging gedurende die eerste helfte van 1960 was, maar 'n afwaartse beweging gedurende die tweede helfte van die jaar. Aan die anderkant het die indeks van werkverskaffing in private konstruksie wat, na aanswiwer vir seisoenskommelings, vanaf 103 in die eerste helfte van 1959 tot 105 in die tweede helfte toegeneem het, effens tot 104 in die eerste helfte van 1960 gedaal, maar toe tot 108 in die tweede helfte gestyg. Die laasgenoemde toename weerspieël oënskynlik 'n styging in boubedrywigheid, na die

hoë peil van bouplanne wat gedurende die eerste helfte van die jaar goedgekeur is.

BOUPLANNE GOEDGEKEUR



BUITELANDSE HANDEL



Waarde-indexe (1953 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

BUITELANDSE HANDEL

Na aanswiwer vir betalingsbalansdoeleindes, toon die voorlopige handelsyfers dat die Unie se invoere van koopware vanaf R998 miljoen in 1959 tot R1,131 miljoen in 1960 gestyg het, terwyl uitvoere van koopware vanaf R864 miljoen tot R870 miljoen onderskeidelik toegeneem het.

Die aansienlike toename van R133 miljoen in totale invoere in 1960 was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename van ongeveer R82 miljoen in die invoere van „metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie“ (waarvan motorvoertuie, vliegtuie en onderdele vir R46 miljoen verantwoordelik was) en 'n toename van R31 miljoen in die invoer van „tekstielware, klere, draad en vesels“. In al die ander vernaamste invoerklassse is kleiner toenames aangeteken, behalwe in „voedsel, drank en tabak“ wat met ongeveer R6 miljoen gedaal het. Uit die bestaande grafiek kan gesien word dat die opwaartse neiging in invoere gedurende 1959, gedurende die eerste agt maande van 1960 voortgesit is, maar dat die tendens gedurende die laaste vier maande van 1960 afwaarts was.

In die geval van uitvoere van koopware was die toename van R6 miljoen in 1960 die netto gevolg van 'n toename van ongeveer R8 miljoen in heruitvoere en 'n klein afname van ongeveer R2 miljoen in die uitvoer van Suid-Afrikaanse produkte. Hierdie afname in die uitvoer van Suid-Afrikaanse produkte was hoofsaaklik die gevolg van afnames van ongeveer R10 miljoen in woluitvoere, R6 miljoen in die uitvoer van ander landbouprodukte en ongeveer R9 miljoen in diamantuitvoere, d.w.s. nadat laasgenoemde vir veranderings in diamantvoorraade wat in die buiteland gehou word, aangesuiwer is. Aan die anderkant is toenames in die uitvoer van 'n groot aantal produkte aangeteken, insonderheid dié van byna R17 miljoen in die uitvoer van

1. Daar moet op gelet word dat, tensy anders aangedui, al die indeks wat in hierdie oorsig vermeld word, op die nuwe basis 1953 = 100 gebaseer is.


„voedsel, drank en tabak” en R8 miljoen in die uitvoer van „metale, masjinerie, ens.”. Die bostaande grafiek toon dat hoewel die waarde van goedere-uitvoere gedurende die eerste helfte van 1960 verder toegeneem het, 'n skerp afwaartse neiging gedurende die tweede helfte van die jaar voorgekom het.

Handelsindekse wat onlangs deur die Buro vir Sensus en Statistiek gepubliseer is, toon dat die toename in die totale waarde van goedere-uitvoere in 1960 toe te skryf is aan 'n styging in die fisiese volume van uitvoere, aangesien 'n afname in die gemiddelde prys per eenheid van uitvoer aangeteken is. Die kwartaalindekse dui egter aan dat beide die fisiese volume en die gemiddelde prys ontvang, gedurende die tweede helfte van die jaar gedaal het.

BINNELANDSE HANDEL

Die beskikbare indeks van die waarde van kleinhandelsverkope in 'n aantal van die vernaamste stede in die Unie het verder tot 115 in 1960 gestyg, vergeleke met 113 in 1959. Om redes wat in vroeëre oorsigte vermeld is, is dit egter waarskynlik dat die toename wat deur hierdie indeks weerspieël word, 'n onderskatting van die werklike styging wat in kleinhandelsverkope gedurende 1960 aangeteken is, verteenwoordig.

KLEINHANDELSVERKOPE



Indekse (1953 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

SPOORWEGVERVOER


Soos uit die bostaande grafiek blyk, het spoorweginkomste 'n sterk opwaartse neiging gedurende die eerste nege maande van 1960 getoon, maar toe effens gedurende die vierde kwartaal afgeneem. Hierdie daling het met die afnames wat in beide invoere en uitvoere aangeteken is, saamgeval. Die gemiddelde maandelikse indeks van spoorweginkomste wat vanaf 140 in 1958 tot 146 in 1959 toegeneem het, het tot 159 in 1960 gestyg.

EFFEKTEBEURSTRANSAKSIES


Die indeks van effektebeursomset wat, ná aansuiwing vir seisoenskommelings, 'n sterk opwaartse tendens gedurende 1958 en 1959 getoon het, het tot 'n hoogtepunt in Maart 1960 gestyg en toe gedurende die volgende ses maande skerp gedaal. Vervolgens het dit gedurende Oktober en November taamlik

aansienlik toegeneem, maar weer gedurende Desember afgeneem. Die toename in omset in Maart 1960 was hoofsaaklik aan verkope deur buitelandse beleggers te wye en het derhalwe nie met 'n toename in aandelepryse gepaard gegaan nie. Gevolglik het die pryse van goudmynaandele 'n dalende tendens dwarsdeur die eerste nege maande van die jaar getoon, maar toe ook in Oktober en November herstel, toe die toename in omset grootliks weens verwagtings van 'n hoër goudprys plaasgevind het.²


Soortgelyke tendense gedurende 1960 is deur die prysindekse van industriële en handelsaandele weerspieël, behalwe dat die verbetering in pryse in Oktober en November tot in Desember voortgeduur het.



EFFEKTEBEURS-OMSET



VASTE EIENDOMS-TRANSAKSIES



Waarde-indekse (1953 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.


TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM

Nadat daar 'n opwaartse beweging gedurende 1959 was, wat tot in die eerste kwartaal van 1960 voortgeduur het, het die maandelikse indekssyfers van die waarde van eiendomstransaksies (uiteensoenderd regeringstransaksies) 'n effense afwaartse beweging gedurende die daaropvolgende nege maande getoon. Die gemiddelde maandelikse indeks het egter vanaf 92 in 1959 tot 103 in 1960 gestyg.

BANKDEBETTE

Bankdebette teen alle lopende rekeninge by banke in die Unie, uitgesonderd regeringsrekenings, het verder toegeneem in 1960, en die gemiddelde maandelikse indeks het gestyg tot 193, vergeleke met 174 in 1959 en 156 in 1958. Uit die onderstaande grafiek wil dit voorkom asof die koers van toename, soos blyk uit die tendens in die maandelikse indekse, effens laer gedurende die tweede helfte van 1960 as gedurende die eerste helfte van die jaar was.

2. Sien grafiek van aandelepryse op bladsy iv.



GOEDEREPRYSE

Vergeleke met 'n effense afname vanaf 107.2 in 1958 tot 107.1 in 1959, het die indeks van groothandelspryse in die Unie 'n klein toename van 1.3 persent, tot 108.5 in 1960 getoon. Van Desember 1959 tot Desember 1960 was die toename effens groter, nl. ongeveer 1.5 persent.

In die geval van kleinhandelspryse het die gemiddelde maandelikse indeks verder gestyg vanaf 115.4 in 1959 tot 117.0 in 1960, of met ongeveer 1.4 persent, hoofsaaklik weens verhoogde voedselprys. Bestaande grafiek toon dat die stadige opwaartse beweging in die maandelikse indeks, gedurende die twee voorafgaande jare, gedurende 1960 voortgeduur het, en die indeks het op 117.8 in Desember te staan gekom vergeleke met 116.0 in Desember 1959.

Landboupryse het ook toegeneem in 1960 insoverre die gemiddelde maandelikse indeks gestyg het tot 82 vergeleke met 80 in 1959. Terwyl die maandelikse indeks egter 'n opwaartse neiging gedurende 1959 getoon het, nl. vanaf 76 in Desember 1958 tot 85 in Desember 1959, was die algemene neiging afgaarts gedurende 1960 en die indeks het afgeneem tot 80 in Desember 1960. Hierdie neigings het tot 'n groot mate die bewegings in wolpryse weerspieël, soos blyk uit die feit dat die geweegde gemiddelde prys van alle tipes wol, uitgedruk in sente per lb. gestyg het vanaf 26 in Desember 1958 tot 36 in Desember 1959 en daarna afgeneem het tot 31 in Desember 1960. Terwyl wolpryse dus hoër in die eerste helfte van 1960 as in die eerste helfte van 1959 was, was hul weer laer in die tweede helfte van 1960 as in die ooreenstemmende helfte van 1959.

B. NASIONALE REKENINGE

Terwyl geen finale nasionale rekeningesyfers vir die kalenderjaar 1960, of finale hersiene syfers vir die onmiddellik voorafgaande jare in hierdie stadium beskikbaar is nie, kan enkele algemene gevolgtrekkings gemaak word op grond van die voorlopige resultate van opnames wat in hierdie verband deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gemaak is.

Hierdie syfers toon dat die Unie se bruto binne-landse produksie met ongeveer $6\frac{1}{2}$ persent vanaf 1959 tot 1960 toegeneem het, en weerspieël toenames onder al die belangrikste klasse van ekonomiese aktiwiteit, nl. meer as 7 persent in die gevalle van mynwese en handel, meer as 6 persent in die geval van landbou, en ongeveer 5 persent in die geval van fabriekswese.

Na aansuiwering van die bruto binnelandse produksiesyfers vir buitelandse faktorbetalings en vir indirekte belasting en subsidies, wil dit voorkom asof die Unie se bruto volksproduksie teen mark-pryse ook met ongeveer $6\frac{1}{2}$ persent in 1960 toegeneem het. Inagnemende die toename in kleinhandelspryse, verteenwoordig dit 'n toename van ongeveer 5 persent in die *reële* bruto volksproduksie.

Wat die uitgawekant van die nasionale rekening betref, is die aanduidings dat verbruik aansienlik vanaf 1959 tot 1960 toegeneem het, terwyl bruto binnelandse besparing min verandering getoon het. Soos hieronder aangetoon, het die Unie se netto lopende oorskot in die betalingsbalans egter met ongeveer R128 miljoen in 1960 afgeneem, sodat dit wil voorkom asof bruto binnelandse kapitaalvorming 'n aansienlike styging getoon het. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die feit dat belegging in voorrade in 1960 gestyg het vergeleke met 'n daling in 1959, maar is ook toe te skryf aan 'n toename van ongeveer 2 persent in vaste belegging. Laasgenoemde toename was op sy beurt weer hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in private vaste belegging, alhoewel vaste belegging deur openbare owerhede ook gestyg het teenoor 'n afname in die geval van openbare korporasies.

Wat die aansienlike toename van 5 persent in die *reële* bruto volksproduksie vanaf 1959 tot 1960 betref, toon die beskikbare syfers dat 'n laer koers van toename gedurende laasgenoemde jaar geheers het. Ook wil dit voorkom asof die koers van toename effens afgeneem het gedurende die tweede helfte van 1960, alhoewel die neiging nog steeds opwaarts was.

C. BETALINGSBALANS

Soos hierbo gemeld, het die Unie se goedere-invoere met R133 miljoen in 1960 gestyg, vergeleke met 'n toename van R6 miljoen in goedere-uitvoere. Benewens hierdie toename van R127 miljoen in die handelstekort het netto lopende onsigbare betalings met ongeveer R28 miljoen gestyg, hoofsaaklik weens groter betalings t.o.v. beleggingsinkome, vrag en versekering op invoere, en fondse van emigrante. Aan die anderkant het die netto goudproduksie met R27 miljoen toegeneem, sodat die netto lopende oorskot met ongeveer R128 miljoen gedaal het, d.w.s. van R158 miljoen in 1959 tot R30 miljoen in 1960. Hierdie netto lopende oorskot van R30 miljoen in 1960 het bestaan uit 'n netto oorskot van R28 miljoen in die eerste kwartaal, netto tekorte

van R11 miljoen en R4 miljoen in die tweede en derde kwartale, onderskeidelik, en 'n netto oorskot van R17 miljoen in die vierde kwartaal. Die lopende rekening het dus minder as seisoensgewyse in die vierde kwartaal verbeter weens nie slegs 'n kleiner-as-seisoenstyging in uitvoere nie, maar ook 'n minder-as-seisoendsaling in dividendbetalings, asook 'n taamlik aansienlike afname in die netto goudproduksie, wat kleiner goudafleverings aan die Reserwebank weerspieël.

Vergeleke met die netto lopende oorskot van R30 miljoen in 1960, het die Unie se goud- en buitelandse valutareserwes met R132 miljoen gedaal, wat 'n netto uitvloeи van kapitaal in alle vorms van ongeveer R162 miljoen aandui.

Offisiële en bankinstellings was verantwoordelik vir 'n netto kapitaaltoevloei van ongeveer R32 miljoen, wat hoofsaaklik bestaan het uit (1) 'n netto trekking van R14 miljoen op die dollar-krediete wat deur 'n groep Amerikaanse banke beskikbaar gestel is, (2) 'n Switserse lening van ongeveer R5 miljoen, (3) 'n korttermynlening van R14 miljoen wat deur die Reserwebank van 'n buitelandse bankinstelling ontvang is, en (4) 'n trekking van ongeveer R9 miljoen op die Internasionale Monetêre Fonds, teenoor (5) terugbetalings van ongeveer R12 miljoen op I.B.H.O.- en ander buitelandse lenings. Dit skyn dus asof die netto uitvloeи van private kapitaal ongeveer R194 miljoen bedra het, waarvan R176 miljoen bepaal kan word uit die voorlopige resultate van die kwartaallike opnames deur die Reserwebank, soos volg:

1. Die netto uitvloeи van *Unie-inwonerkapitaal* het R28 miljoen bedra, waarvan R4 miljoen die netto uitvloeи van regstreekse, en R24 miljoen die netto uitvloeи van onregstreekse beleggingsfondse verteenwoordig het. Laasgenoemde bedrag het uit R10 miljoen langtermyn- en R14 miljoen korttermynkapitaal bestaan.
2. Die netto uitvloeи van *buitelandse kapitaal* het ongeveer R148 miljoen bedra waarvan R78 miljoen netto aankope verteenwoordig deur Unie-inwoners vanaf buitelanders van effekte op die Johannesburgse aandelebeurs genoteer, soos verstrekkend deur aandelemakelaars en ná aansuiwing vir transaksies wat regstreeks en deur genomineerde aangegaan is.³ Die saldo van

3. Die syfers verstrek deur aandelemakelaars, vòòr aansuiwing, is soos volg (R miljoene):

	<i>Aankope deur Unie- inwoners</i>	<i>Verkope deur Unie- inwoners</i>	<i>Netto Aankope</i>
1960 — 1ste Kwartaal .	36.0	15.1	20.9
2de Kwartaal .	24.9	7.0	17.9
3de Kwartaal .	18.7	6.4	12.3
Okt.	9.7	3.3	6.4
Nov.	9.6	3.5	6.1
Des.	5.7	1.9	3.8
Jaar	<u>104.6</u>	<u>37.2</u>	<u>67.4</u>
1961 — Jan.	6.0	3.2	2.8

R70 miljoen het bestaan uit die volgende:

- (a) 'n Netto uitvloeи van R14 miljoen aan korttermyn en R34 miljoen aan langtermyn *regstreekse* beleggingsfondse. In hierdie verband is dit interessant om te meld dat laasgenoemde syfer terugbetalings deur plaaslike buitelands-beheerde filiale van buitelandse lenings ten bedrae van R24 miljoen (R8 miljoen vir uraanlenings) insluit, sowel as 'n vermindering van R16 miljoen in die saldo's van oorsese hoofkantore in hulle plaaslike takke. Hierdie uitvloeи van fondse is, egter, gedeeltelik ge-ewenaar deur 'n netto toevloei van R6 miljoen wat 'n toename verteenwoordig in die waarde van aandele gehou deur oorsese beleggers in Unie-filiale.
- (b) 'n Netto uitvloeи van R14 miljoen aan korttermyn en R8 miljoen aan langtermyn *onregstreekse* beleggingsfondse, waarvan lg. in hoofsaak bestaan het uit terugbetalings van uraanlenings ter waarde van R6 miljoen.

Die aansienlike netto uitvloeи van private kapitaal gedurende 1960 het in hoofsaak gedurende die eerste, tweede en derde kwartale van die jaar plaasgevind, toe dit R52 miljoen, R56 miljoen en R58 miljoen, onderskeidelik, bedra het. Gedurende die vierde kwartaal was daar 'n aansienlike afname na R28 miljoen gedeeltelik weens die feit dat 'n netto toevloei van korttermynfondse plaasgevind het.

D. MONETÊRE EN FINANSIELE VERWIKKELINGE GELD- EN BANKWESE

Nieteenstaande die negatiewe uitwerking van 'n aantal faktore, veral 'n afname van R160 miljoen in die *netto* goud- en buitelandse valutareserwes van die banksektor (gepaardgaande met die ongunstige betalingsbalans), en 'n afname van R40 miljoen in sy netto eise teen die regering, het die publiek se totale likwiede bates by die banksektor, gehou in die vorm van „geld“ en rentedraende deposito's, afgeneem met slegs R27 miljoen gedurende die jaar 1960. Hierdie verskynsel word verklaar deur die kredietstekking deur die banksektor aan die private sektor.



Soos uit onderstaande tabel blyk, het die eise van die banksektor teen die private sektor met ongeveer R186 miljoen gedurende 1960 gestyg. Van hierdie

Veranderings in die laste en bates van die banksektor⁴

(R miljoen)	1959	1960
Binnelandse geldhoeveelheid	+ 46	- 31
Binnelandse rentedraende deposito's	+ 48	+ 4
Totaal	+ 94	- 27
Netto goud en buitelandse valuta ⁵	+ 100	- 160
Eise teen regering	- 3	- 40
Regeringsdeposito's ⁶	- 51	—
Eise teen plaaslike regerings	+ 5	- 1
Eise teen private sektor	+ 30	+ 186
Onverdeelde poste	+ 13	- 12
Totaal	+ 94	- 27

toename het R58 miljoen 'n toename in eise teen die Landbank en R11 miljoen 'n toename in eise teen die diskonterings- en aksephuise verteenwoordig. Die balans van die toename, nl. R117 miljoen, was feitlik geheel en al toe te skrywe aan 'n toename van ongeveer R112 miljoen in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte aan die publiek, met uitsluiting van die Landbank en die diskonterings- en aksephuise. Te oordeel na gegewens wat beskikbaar is vir die eerste nege maande van die jaar, was laasgenoemde toename hoofsaaklik toe te skrywe aan 'n stygging in krediet wat aan fabrieks- en handelsondernemings verleen is, en kan in verband gebring word met die uitbreiding van ekonomiese bedrywigheid in die Unie, sowel as met die aansienlike toename in invoere gedurende die jaar. Tot 'n sekere mate kan dit ook in verband gebring word met die netto uitvloei van private kapitaal, in soverre Unie-takke en -filiale van buitelandse ondernemings moontlik plaaslik geleent het om fondse wat van die Unie weggetrek is, te vervang.

Uit onderstaande grafiek blyk dat die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte op 'n maandbasis, 'n skerp opwaartse beweging gedurende 1960 getoon het, vergeleke met 'n effense opwaartse neiging gedurende 1959. Hierdie opwaartse beweging gedurende 1960 het veroorsaak dat die handelsbanke se verhouding van diskonteringe en voorskotte tot verpligtings teenoor die publiek gestyg het tot 65 persent aan die einde van die jaar, vergeleke met 55 persent aan die einde van 1959, terwyl hul verhouding van likwiede bates tot verpligtings teenoor die publiek afgeneem het tot 43 persent, vergeleke met 49 persent, onderskeidelik.

**LIKWIEDE BATES
VAN DIE
PUBLIEK****HANDELSBANKE:
DISKONTERINGE EN
VOORSKOTTE**

Waarde-indexe (1953 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

Behalwe vir die afname van R27 miljoen in die publiek se likwiede bates by die banksektor gedurende 1960, het hul likwiede bates by die Regeringsektor, gehou in die vorm van skatkisbewyse en belastingdelgingsertifikate, afgeneem met R24 miljoen. Dus het die totale likwiede bates van die publiek by die bank- en Regeringsektors afgeneem met R51 miljoen, d.w.s. vanaf R1,586 miljoen aan die einde van 1959 tot R1,535 miljoen aan die einde van 1960. Die grafiek hierbo toon aan dat hierdie likwiede bates betreklik konstant gebly het gedurende die eerste helfte van 1960 maar daarna 'n dalende tendens getoon het gedurende die tweede helfte van die jaar.

Wat betref finansiële instellings wat nie ingesluit is by die banksektor nie, het deposito's by die bouverenigings gestyg vanaf R557 miljoen aan die einde van 1959 tot R594 miljoen aan die einde van 1960, terwyl die aandelekapitaal van hierdie instellings toegeneem het vanaf R570 miljoen tot R619 miljoen. Deposito's by diskonterings- en aksephuise, met uitsluiting van dié deur handelsbanke gehou, het met ongeveer R10 miljoen toegeneem gedurende 1960, terwyl te oordeel na die syfers beskikbaar vir die eerste helfte van die jaar, daar ook 'n aansienlike toename was in deposito's by ander deposito-nemende instellings wat geregistreer is onder die Bankwet van 1942.

GELDMARK

Hoofsaaklik as 'n gevolg van die ongunstige betalingsbalans, was daar 'n aansienlike vernouing van die geldmark gedurende 1960 en geldmarkrentekoerse het opwaarts geneig.

Uit onderstaande tabel blyk dat die vermindering in likwiede fondse beskikbaar aan die geldmark, wat veroorsaak is deur die daling in die Reserwebank se netto goud- en buitelandse valutareserwes gedurende 1960, R156 miljoen bedra het, terwyl 'n verdere vermindering van ongeveer R12 miljoen

4. Bestaande uit die Reserwebank, die handelsbanke en die Nasionale Finansiekorporasie.

5. Goud- en buitelandse valutareserwes minus buitelandse laste.

6. Toename -, afname +.

*Veranderings in laste en bates van die Reserwebank
(R miljoen)*

*Veranderings in toestand van
geldmark:*

A. DIE AANDUIDINGS:

Toename (—) in netto beroep op
Reserwebank deur:

	1959	1960
Handelsbanke	+ 4	- 44
N.F.K.	+ 18	- 10
Diskonteringshuise	+ 2	- 26
 Totale verruiming (+) of ver- nouing van geldmark	<u>+ 24</u>	<u>- 80</u>

B. DIE OORSAKE:

Netto goud en buitelandse valuta	+ 86	- 156
Krediet aan regering	- 6	+ 4
Regeringsdeposito's*	- 50	+ 30
Netto eise teen plaaslike regerings	+ 4	- 4
Banknote in omloop*	—	- 2
Netto eise teen private sektor	- 2	+ 54
Diverse oorsake	- 8	- 6
 Totaal	<u>+ 24</u>	<u>- 80</u>

voorgekom het as gevolg van 'n afname in die Bank se netto eise teen plaaslike regerings, 'n toename in banknote in omloop, en 'n netto afname in „Diverse" rekenings. Teenoor hierdie verminderings wat in totaal R168 miljoen bedra, is 'n toevoeging tot likwiede fondse van R54 miljoen voortgebring deur 'n toename in die Bank se netto eise teen die private sektor, hoofsaaklik teen die Landbank, terwyl die Regering, ten einde die druk op die mark te verlig, 'n netto bedrag van R30 miljoen van sy surplus fondse by die handelsbanke in die vorm van korttermyn rentedraende deposito's belê het, en sodoende sy deposito's by die Reserwebank met daardie bedrag verminder het. Boonop het die Reserwebank nog R4 miljoen krediet aan die Regering verskaf, sodat die netto mate van vernouing van die geldmark R80 miljoen beloop het. Hierdie bedrag verteenwoordig die netto hoeveelheid krediet wat die Reserwebank aan die geldmark moes verskaf, nl. R44 miljoen aan die handelsbanke, R26 miljoen aan die diskonteringshuise, en R10 miljoen aan die Nasionale Finansiekorporasie. Onder bogenoemde omstandighede het geldmarkrentekoerse 'n aansienlike toename oor die jaar getoon, en die tenderkoers op skatkisbewyse het bv. vanaf 3.325 persent aan die end van 1959 gestyg tot 3.900 persent aan die end van 1960.

STAATSFINANSIES

Dit is hierbo opgemerk dat totale Regeringsdeposito's by die banksektor geen verandering oor die jaar 1960 getoon het nie, aangesien daar 'n toename van R30 miljoen in die Skatkissaldo by

* Toename —, afname +.

die handelsbanke, en 'n afname van dieselfde bedrag in Regeringsdeposito's by die Reserwebank was. Laasgenoemde afname het egter uit 'n vermindering van R32 miljoen in die Skatkissaldo, teenoor 'n vermeerdering van R2 miljoen in die rekening van die Betaalmeester-generaal bestaan, sodat die Skatkis se totale saldo's by die banksektor in werklikheid met R2 miljoen afgeneem het. Die redes vir hierdie afname word in onderstaande tabel opgesom:

*Ontvangste en betalings van die Skatkis
(R miljoen)*

	1959	1960
Ontvangste (met uitsluiting van lenings):		
(1) Op inkomsterekening:		
Doeane en aksysn	194	214
Poskantoor	74	83
Binnelandse inkomste	418	437
Totaal	686	734
(2) Leningsverhalings	37	50
(3) Ander ontvangste	61	64
(4) Totale ontvangste	784	848
Betalings (met uitsluiting van aflossings):		
(1) Op inkomsterekening	589	641
(2) Leningsdienste	251	229
(3) Ander betalings	56	51
(4) Totale betalings	896	921
Surplus van betalings (—)	- 112	- 73
Netto lenings	+ 145	+ 71
Verandering in Skatkissaldo	+ 33	- 2

Met uitsluiting van lenings aangegaan, het die ontvangste van die Skatkis toegeneem vanaf R784 miljoen in 1959 tot R848 miljoen in 1960, of met R64 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename van R48 miljoen in ontvangste op inkomsterekening. Betalings, met uitsluiting van aflossing van lenings, aan die anderhande, het met slegs R25 miljoen toegeneem, sodat die tekort van R112 miljoen in 1959, afgeneem het tot R73 miljoen in 1960. Ten einde laasgenoemde tekort te finansier, het die Skatkis, behalwe die gebruik van R2 miljoen van sy deposito's, 'n netto bedrag van R71 miljoen geleent. In werklikheid het sy netto lenings by die Staatskuldkommissaris R100 miljoen bedra, by die Betaalmeester-generaal R2 miljoen, en by buitelandse bronre R10 miljoen, maar 'n netto bedrag van R41 miljoen is aan plaaslike bronre terugbetaal, hoofsaaklik aan die handelsbanke.

E. SAMENVATTING

Die voorafgaande kort oorsig toon duidelik dat nienteenstaande 'n aantal ongunstige faktore, wat hoofsaaklik in 'n netto uitvloei van private kapitaal weerspieël is, die prent van die Unie se binnelandse

ekonomiese ontwikkeling gedurende 1960 steeds een van uitbreiding was.

Byna al die indekse hierbo aangehaal, het verdere stygings vanaf 1959 tot 1960 getoon, en die voorlopige nasionale rekeninge syfers het nie alleen 'n toename van $6\frac{1}{2}$ persent in die bruto volksproduksie teen markpryse aangedui nie, maar ook 'n styging van ongeveer 5 persent in die *reële* bruto volksproduksie. Hierdie aansienlike koers van toename in 1960 vergeleke met 1959 was egter gedeeltelik te wyte aan die feit dat die herstel van ekonomiese bedrywigheid in 1959 eers gedurende die tweede helfte van daardie jaar ondervind is, en, soos aangedui, het die ontleding van kwartaal- en maand-indekse getoon dat 'n laer koers van uitbreiding gedurende die jaar 1960 geheers het. Ook het dit voorgekom asof die koers van styging effens verminder het gedurende die tweede helfte van die jaar, alhoewel die neiging steeds opwaarts was.

Aan die uitgawekant van die nasionale rekeninge het die beskikbare inligting gedui op 'n verdere aansienlike styging in konsumpsie in 1960 sowel as 'n aansienlike toename in bruto binnelandse kapitaalvorming, wat hoofsaaklik te wyte was aan 'n styging in belegging in voorrade maar ook aan 'n toename in private vaste belegging.

Die styging in belegging in voorrade in 1960, asook die verhoogde konsumpsie, is weerspieël in 'n aansienlike toename in die waarde van invoere, en aangesien die waarde van goedere-uitvoere slegs 'n relatiewe klein styging getoon het, te wyte veral aan 'n daling in die uitvoere van wol en ander landbouprodukte, het die Unie se netto lopende surplus teenoor die buiteland 'n aansienlike afname getoon. Hierdie kleiner netto lopende surplus in 1960, tesame met 'n netto toevloei van offisiële kapitaal, is meer as geneutraliseer deur 'n aansienlike netto uitvloei van private kapitaal, veral buitenlandse kapitaal, sodat die land se goud- en buitenlandse valutareserwes 'n skerp afname getoon het.

Betreffende die netto uitvloei van private buitenlandse kapitaal, wat o.a. verband gehou het met die hoér rentekoerse en die kredietknelling in die Verenigde Koninkryk, is gevind dat 'n groot gedeelte daarvan toe te skryf is aan heraankope deur Unie-inwoners van Unie-effekte vanaf buitelanders, terwyl die saldo hoofsaaklik uit fondse bestaan het wat uit die Unie verskuif is deur takke en filiale van buite-

landse ondernemings wat plaaslik sake doen. Teen die vierde kwartaal van die jaar het die netto uitvloei van kapitaal egter 'n aanmerklike daling getoon.

Die ongunstige betalingsbalans in 1960 het 'n aansienlike vernouing van die geldmark veroorsaak sodat geldmarkrentekoerse 'n styging openbaar het. Bowendien het dit 'n vermindering in die likwiedebates gehou deur die publiek veroorsaak, alhoewel die uitwerking in hierdie opsig grootliks teengewerk is deur 'n aansienlike toename in bankkrediet verleen aan die private sektor. Hierdie toename in bankkrediet moet dus ook in verband gebring word met die feit dat, nieteenstaande die netto uitvloei van kapitaal, ekonomiese bedrywigheid in die Unie nog steeds gedurende 1960 toegeneem het, alhoewel teen 'n afnemende koers teen die tweede helfte van die jaar. Daar moet egter op gewys word dat hierdie afnemende koers nie sonder verband met die feit was nie dat 'n skerp afname in die waarde van goedere-uitvoere gedurende die tweede helfte van 1960 plaasgevind het weens dalings in beide die fisiese volume en die gemiddelde prys behaal.

In die lig van hierdie verwikkelinge is daar teen die end van 1960 gevoel dat die binnelandse ekonomiese toestand nie sodanig was dat die toepassing van monetêre maatreëls vir betalingsbalansdoeleindes geregtig was nie. Dus is besluit om invoere in 1961 te besnoei deur die waarde van die voorlopige toekenning van invoerpermitte te verminder terwyl 'n beslissing vroeg in 1961 geneem is om die plaaslike bankkoers op $4\frac{1}{2}$ persent te handhaaf toe dit nodig geword het om die offisiële patroon van koerse vir opemarktransaksies en staatseffekte met $\frac{1}{4}$ persent te verhoog weens die aansienlike aangebiedings van staatseffekte op die mark. Vervolgens het die Minister van Finansies in sy begrotingsrede 'n aantal belastingveranderings en ander maatreëls aangekondig wat gemik is op die verbetering van die Unie se betalingsbalanstoestand, aan die eenkant, en die aanmoediging van binnelandse ekonomiese ontwikkeling, veral private belegging, aan die anderkant.

T. W. de Jongh
Hoof: Departement Ekonomiese
Navorsing en Statistiek.